Diamante help Downsindroom-vereniging

› Henriette Lamprecht

'n Eksklusiewe aand van sang en swier en wat onder andere deur lede van die diplomatieke korps, bankiers, sakelui en politici bygewoon is, het N$25 000 vir die Downsindroom-vereniging van Namibië (DSAN) ingesamel.

Die aand was deel van die Diamond Works Spending for Charity-geleentheid waartydens Diamond Works 'n persentasie van die opbrengs van die aand, sowel as die veiling van 'n paar oorbelle van die Franse juweliershuis van Feberegè aan DSAN geskenk het.

Dr. Eline van der Linden, 'n stigterslid van DSAN, het tydens die geleentheid gesê die vereniging het sedert sy ontstaan in Oktober 2012 verskeie aktiwiteite en uitreikaksies van stapel gestuur. Dit sluit die uitreik na die DS-ondersteuningsgroep in die Oshanastreek en die hulp met registrasie, inligting en geldinsamelingsaktiwiteite vir die groep in.

Me. Beverley Nambazi (Diamond Works se skakelbeampte), me. Eline van der Linden (DSAN-stigterslid), mnr. Rehabeam Amadhila (veilingmeester vir die aand), me. Joey Matthews (wenbieër) en me. Vicky de Jesus (Diamond Works se hoofbestuurder). FOTO VERSKAF

DSAN het in Maart vanjaar saam met die wêreld Downsindroomdag gevier. Deel van die vereniging se volgehoue aktiwiteite was ondersteuning aan ouers met babas met DS vir toegang tot mediese dienste, die plasing van kinders met DS in skole en ook deelname aan slypskole oor DS en wat deur die Dagbreek- en Môresonskool gereël is.

'n Piekniek vir families en vriende wat deur DS geraak word, is in die parlementstuine gehou, terwyl DSAN die dialoog met die ministerie van onderwys oor die Ingeslote Onderwysbeleid voortsit wat sal verseker dat alle kinders met uitdagings in die land se onderwysstelsel opgeneem word.

Volgens Van der Linde is die vereniging se grootste uitdaging om mense met DS in Namibië te vind.

"Die vrees om gestigmatiseer te word, weerhou baie ouers en versorgers om openlik te wees oor die feit dat hul gesin iemand met DS insluit."

Van der Linde sê voorts mense het verskeie wanopvattings van DS.

"Dit is belangrik om te verstaan dat dit 'n genetiese toestand is en nie 'n siekte waarvoor daar 'n kuur is nie."

Sy het beklemtoon dat mense met DS met die nodige ondersteuning baie in hul lewens kan bereik.

"In baie lande het 'n groot aantal mense met DS hul plek in die samelewing gevind. Hulle het 'n werkplek, vrywillig of betaald; hulle het 'n plek gevind om hetsy op hul eie, met minimale hulp, in groepverband of met familie te bly; hulle het vriende, mediese sorg, stokperdjies, geluk en 'n doel in die lewe."

Geld wat tydens die Diamond Works Spending for Charity Event ingesamel is, sal die DSAN help om na die Namibiese publiek uit te reik en inligting oor DS te deel en sodoende hul "vrese wegvat, beter begrip skep en hopelik 'n groter verdraagsaamheid onder inwoners aan te wakker" vir persone met fisiese en intellektuele uitdagings.

Volgens Van der Linde wil DSAN families en versorgers help om na die beste van hul vermoë na hul geliefdes met DS om te sien en ook mense met DS help om hul lewens na die beste van hul vermoë te lei. Sy het beklemtoon dat die direkteure van DSAN gesamentlik baie lewenservaring het om 'n kind of volwassene met DS te versorg.

"DSAN wil regtig graag kinders, jong volwassenes en grootmense met DS bymekaar bring om pret te hê, maar ook om te weet dat hulle nie alleen in hierdie wêreld is nie; om saam te leer en te lag en waardevolle vriendskappe te bou."

Die vereniging is geregistreer as 'n nie-winsgewende organisasie en word deur vrywillige ma's, pa's en vriende van mense met DS bestuur. Stigtersborge is pwc, Koep & Vennote en Omalaeti Technologies. Vir meer inligting oor DSAN, kan die kantoor by 061 410 400 gekontak word of 'n e-pos aan info@downsyndromenamibia.org gestuur word.

16 DAE
25 NOV. - 10 DES.
16 dae van aktivisme teen geslagsgeweld

» Nie tevrede met bevinding

Arbiter: Vleermuis nié